Wat kan Ek nog vir my wingerd doen?

teleurstellende oes : oorvloedige vrugte

Tekste vir verdere lees:
Jesaja 5 : 1 +2 baie lang vers oor die teleurstellende oes
Lukas 13: 1 – 9 bekeer julle
Lukas 15 die skaap raak weg, en muntstuk, en seun.
Joh 15 Ek is die wingerdstok, julle die lote,
wie in My bly...dra veel vrug."

1 Johannes 2: 1 "En as EEN van ons sondig, ons het Jesus Christus, die Regverdige, as ons Voorspraak by die Vader..."
2 Korintiërs 9: 6 – 15 "Dink daaraan; wie karig saai, sal karig oes; en wie volop saai, sal volop oes. Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief, en God is by magte om aan julle alles in oorvloed te skenk, SODAT julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê, en volop kan bydra vir elke goeie werk...God wat saad verskaf om te saai en brood om te eet, sal ook aan julle saad gee, en dit laat groei, en julle vrygewigheid 'n ryk oes laat groei.
Hy maak julle altyd in alles ryk genoeg om by elke geleentheid vrygewig te kan wees. Deur ons bemiddeling het julle vrygewigheid tot gevolg dat God gedank word..."

Ons lees in Lukas 13 van 2 slegte voorvalle wat gebeur, 1e) Pilatus, Goewerneur 26 – 36 nC, bestuur Palestina wreed namens die Keiser, en vermoor 'n klompie gelowige mense van Galilea, waar hulle besig was om te offer en God te